

God moet ons keuses bepaal

'n Mens se sonde haal jou iewers in. Jakob betaal 'n duur prys vir sy bedrog. Hy moet vlug vir sy lewe omdat boetie Esau baie kwaad vir hom is. Sy ouers maak egter sy afskeid makliker as hulle hom wegstuur met die opdrag om 'n vrou uit die verbondsgeslag van Abraham te kry. So vertrek Jakob op die 640 km-pad na Paddan-Aram toe – alleen. Tog is hy nie alleen nie, want as hy sy keuses maak, stap hy saam met die Verbondsgod die toekoms in. Hy het hierdie een doel voor oë, naamlik om 'n vrou te trou uit die verbondsnageslag van Abraham. Daarby het hy die verbondseën van sy vader Isak om hom te dra (vs 3 en 4). Jakob neem die Here op sy woord dat Hy sy verbond deur hom en sy nageslag sal voortsit. God en sy verbond is dus die beweegrede vir die keuse van 'n vrou en die besluite in Jakob se lewe.

As Esau agterkom dat sy heidense vroue en verkeerde keuses die oorsaak van sy ouers se ongelukkigheid is, probeer hy die saak regstel. Hy gaan trou met 'n Ismaelitiese vrou. Hy het gereken dat as hy met iemand in die familie trou, sou hy sake tussen hom en sy ouers én met God regstel. 'n Mens kry die indruk dat die goedkeuring van sy ouers hom in sy besluite lei en nie die Here en sy genadeverbond nie. Al was hierdie Ismaelitiese vrou tjie familie, was sy nog nie deel van die verbondsfamilie nie. Isak en sy nageslag is deur die Here uitgekies en nie die slavinseun Ismael en sy nageslag nie.

Met die keuse van 'n Ismaelitiese vrou beur Esau eerder verder weg van die verbond en die ware verbondsaanbidding van die Here. Sy houding in sy vroeëre lukrake omgang met sy eersgeboortereg en die verbond van die Here kom nou weer na vore as hy nie sy sonde met heidense vroue met wortel en tak uitroei nie, en boonop nie sy lewe voluit aan die Here wy nie. So gaan die verbondsgenade by Esau verby vanweë sy verkeerde keuses waarin God en sy verbond nie sy lewe bepaal nie. Dit is verskriklik om te dink dat God en sy genadeverbond by 'n mens kan verbygaan vanweë lighartige keuses. Dit gaan dikwels oor alledaagse dinge, soos om 'n vrou te vat.

Die vraag is: Wie bepaal jou keuses? Is dit mense en hulle invloed op jou, of gee God en sy Woord die deurslag as jy moet kies? As ons maar wil besef dat ons keuses vir of teen die Here geweldige gevolge in ons lewens het!

Sing: Psalm 25:6

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)